AGTER GESLOTE DEURE! - SAAIERS IN DIE SELLE- BEDIENING

Ron Reynolds - Februarie 2009

Ek dreig al maande lank om ‘n ietsie te laat weet van dit waarmee ons, die lede van die Saaiers-in-die-Selle Bedienings, ons besig hou. Vir diegene wat nog nie van ons gehoor het nie, net kortliks: ons is ‘n groepie mense wat deur God geroep is om Sy evangelie-woord, Sy liefde, aan die stukkende mense wat hulle agter tralies bevind, hetsy in ‘n gevangenis of by ‘n polisiestasies, te bring.

Geroep deur Hom, het die bedienings die lewenslig al in 1998 agter die tralies in die Baviaanspoort Gevangenis, Pretoria, aanskou toe daar letterlik ‘n selgroep binne ‘n sel gestig is!

Ook by daardie gevangenis het ek die heel belangrikste les geleer wat ek tot my dood toe sal onthou. Dit het so gekom. Ds Jurie, die proponent by die NG Gemeente, Kameeldrif het my eendag gebel en gevra of ek nie ‘n gevangene, ene Sarel Von Wielligh, wat op ‘n tydelike basis in die Baviaanspoort Gevangenis was wou besoek nie. Ons het op ‘n kleinhoewe... hulle noem dit ‘n “plot” daar...wat langs die gevangenis was gewoon. Ek moes net oor ‘n small bruggie oor die rivier, wat die skeiding was tussen ons grond en die tronk uitgemaak het, loop en ek was daar. Ek het die geleentheid met albei hande gegryp en, braaf-pronkend soos wafferse poumannetjie, het ek aanstaltes gemaak vir my afspraak.

Almal tuis het my afgeraai want, julle sien. Sarel was ‘n self-erkende satanis. Hy was die leier van een of ander “clan” hier in Port Elizabeth, is gevange geneem en tot 50 jaar gevangenis gestraf weens mense-roof, kanibalisme, reeksmoord, verkragting en teveel misdade om nog op te noem.

Sarel het in gevangenisskap die Here Jesus ontmoet en Sy vergiffenis en redding aanvaar, maar hy was maar kort ‘n wedergeborene en satan wou hom nie los nie. Hy het Ds Jurie die vorige dag laat kom omdat hy duidelike tekens van die teenwoordigheid van demone in sy sel beleef het. Sy sel was ysig koud en gevul met ‘n amper tasbare gevoel van onheil. Die klein katjie wat Sarel by hom in die sel gehad het kon ook nie tot ruste kom nie en het kort-kort na een van die hoeke van die vertrek gekyk en gesis! Ds Jurie het my al hierdie informasie agterna gegee. Maar vir eers het ek net geweet dat Sarel ‘n bekeerde satanis was.

By die gevangeins aangekom is ek na die besoekerskamer geneem waar berading gewoonlik gedoen word en Sarel is na my gebring. Hy was ‘n mooi jong man, so 23 of 24 jaar oud met spierwit hare en ‘n oop gesig. Hy het oorkant my kom sit en ons het ‘n bietjie gesels. Toe het ek ‘n skrifgedeelte vir hom gelees en ons het saamgebid.

Toe kom die bewaarders hom haal. Ons tyd was verstreke. Ek sal nooit sy woorde vergeet toe hy by die deur omdraai en na my toe terugloop nie. “Nou weet ek Jesus leef!” het hy gesê, “gister was Ds Jurie by my en vandag is jy hier. Weet jy, ons het vandag oor dieselfde onderwerp gepraat as gister. Jy het dieselfde skrifgedeelte gelees as wat Ds Jurie gelees het, en amper woord vir woord dieselfde gebed gebid!” Toe is hy weg en ek het verslae daar bly sit.

Waar ek as brawe ridder daar ingestap het, vol van my eie krag en vermoeëns, was my balonnetjie winduit!

Ek kon nie gou genoeg daar uitkom nie. Onder die eerste bloekombos het ek gaan skuil en gehuil soos ‘n baba’tjie, so groot soos wat ek was. Uit dankbaarheid dat God my steeds, ondanks my hoogmoed en eiewysheid, bruikbaar gevind het en my waardig geag het om as Sy boodskapper op te tree. Dankie Heer daarvoor!

Daarna het Hy vir my en vir my vroutjie, Micky, oor Kaapstad tot in Port Elizabeth geskuif. Hier het ons behoorlik kom wortelskiet.

Ontvanklik was dit baie moeilik om al die amptelike rompslomp te oorkom maar aanhouer wen (hoe sê Paulus al te reg? Volharding...en die wenpaal?) en in 2002 het ons die eerste keer by die swaar tronk deure van St Alban’s binnegeloop.

Dit was nie net die begin van die bediening nie maar ook die begin van ‘n nuwe lewensstyl vir my. Die Here doen niks halfpad nie en Hy verwag dieselfde van diè wat Hy roep. Gelukkig word die meeste van die werk tog deur Hom behartig...’n mens moet net gewillig wees om Hom te volg.

Die eerste paar jaar was dit alles opdraend in die gevangenis. Ongelukkig het my opwagting daar saamgeval met die inhegtenisname van ‘n pastor weens die insmokkel van en handel in dagga! Ewe mooi’tjies het hy die

binnekant van sy enorme groot Bybel netjies uitgehol en dit stampvol dagga geprop! En hier kom ek ook met ‘n enorme groot Bybel (die groot-druk edisie) hard op sy spore. En ek kry nog ‘n “gemeentelid” by!

Nodeloos om te sê moes ek daarna gereeld gevisenteer word! Gelukkig het hulle mettertyd moeg geword daarvoor! Ek was nogal bly daaroor want ek’s baie kielierig!

Toe ek by St Alban’s die eerste keer ingegaan het was dit egter nie die eerste keer wat die bedienings in PE werksaam was nie. Terwyl ek op toestemming gewag het, het God dit op my hart gelê om ook by die polisiestasies betrokke te raak. Die heel eerste keer wat ek Sy Woord kon verkondig was in die selle van die Mountweg Polisiestasie. Ek sal dit nooit vergeet nie. Daar was 40 manne en daarvan het 25 ‘n oorgawe vir God gemaak. Ons het saam op die koue sement vloer van die sel gesit en huil!

Maar dit was eers na ‘n drie-maande besoekie aan George waartydens Hy die deure by die gevangenis daar wyd oopgemaak het, dat ek by St Alban’s hond haaraf kon maak.

Daarom was dit nie meer vir my ‘n snaaksigheid om aan die prosedures eie aan ‘n maksimum sekuriteit instelling blootgestel te word nie. ‘n Mens raak net nie gewoond aan die koudheid,die dooie oë, die ewige gekners van enorme sleutels en die harde klap van staaldeure wat toeslaan agter jou nie.

Die St Alban’s Korrektiewe Sentrum bestaan eintlik uit drie tronke naamlik die Medium A afdeling waar die verhoor-afwagtendes aangehou word. Op enige gegewe tydstip is dit nie buitengewoon dat daar meer as 3000 mans daar in aanhouding is nie. Hierdie is ook die gevaarlikste deel van die tronk omdat jy nie weet met wie jy te doen het nie. Almal word saam aangehou met geen inagneming van die misdaad waarvoor hul aangekla is nie. Dis niks snaaks dat reeks-moordenaars en sakkerollers skouer teen skouer daar rondloop nie.

In teenstelling met die Medium A Sentrum is Medium B waar slegs gevonnisdes aangehou word. Die maksimum vonnis wat hier uitgedien word is minder as 25 jaar. Diegene wat tot gevangenis-straf langer as 25 jaar gestraf is word by die Maksimum Sekuriteit Afdeling gehuisves.

Ontvanklik het ek slegs by die Medium A afdeling bedien en dit was eers na twee jaar dat Hy mense...mede arbeiders in Sy wingerd...begin stuur het. Eers een, dan nog twee, dan sommer ‘n hele streep. En die bediening het begin uitbrei.

Tans is ons druk besig in St Alban’s, Port Elizabeth (die ou Noord Einde tronk) Patensie en George. Ons ledetal raak-raak nou aan die 46 mans en vroue, met inagneming van diegene wie se aansoek om toestemming steeds hangend is.

Ons is baie dank aan NG Kerk Lorraine se Lofprysings-span, onder leiding van Leon en Andrè, wat gereeld een keer per maand lofprysings dienste by St Alban’s Medium A behartig. Ons bid steeds vir nog gemeentes om hul voorbeeld te volg.

Ons bedien ook gereeld by 5 polisiestasies elke Sondag.

Waar ons eers slegs deur middle van die erediens Sondae bedien het, het ons dienste ook uitgebrei en sluit dit ook gereelde aanbiedings van Bybelstudie klasse, persoonlike en groeps-berading en Geestelike programme in. Ons is trots daarop dat daar selfs twee pastore tans in Port Elizabeth baie besig is in Sy diens wat hul opleiding deur ons en die Nehemia Bybel Instituut deurloop het.

Die Saaiers-in-die-Selle Bedienings is ‘n onafhanklike Geestelike organisasie wat finasieël self-onderhoudend is. Elke lid betaal sy of haar eie onkostes en ons word geensins deur enige kerk, denominasie of instansie geborg of ondersteun nie behalwe vir ‘n donasies elke dan en wan of met die skenking van Bybels. Ons is behoorlik as ‘n onafhanklike kerk geregistreer by die Department Binnelandse Sake en is ook as nie-winsgewend- en ‘n “Public Benefit” organisasie geregistreer.

Ons is interkerklik en hou ons nie op met struwelinge oor dinge soos die doop (groot of klein...onderdompeling of besprinkeling) of dergelike dinge nie. Ons is almal kinders van een Here en ons bring daardie geloof in ons almagtige Drie-enige God na die mense binne die selle en Hy doen die res. Ons saai net die saad...die liefde van Jesus Christus vir almal en God laat groei. Aan hom kom al die lof, eer en heerlikheid toe, Amen!

Onder ons lede is mense uit die NG geledere, asook AGS, PPK, Methodiste, Anglikaans, Baptiste en ook van die sgn “onafhanklike” kerke. Dit is wonderlik om te sien hoe God mense van alle nasies (ook Nigerieërs) bymekaar bring in Sy diens!

Ons getuig graag en gereeld by enige kerk of instansie en het al tydens hierdie getuienis-lewering gebruik gemaak van dienende gevangenisse wat ons met spesiale verlof uit die gevangenis saambring om ook hul getuienis te kom lewer. Gereeld, wanneer ons aldus getuig, bring ons terselfdetyd die Boodskap en kan die plaaslike leeraar ‘n welverdiende blaaskansie geniet. Wanneer ons so optree is ons dienste gratis. Ons vra net ‘n bydrae tot ons vervoerkostes indien ons buite Port Elizabeth moet optree.

Daar bestaan egter ‘n groot behoefte aan Bybels en ander Geestelike leesstof en ons kan nooit genoeg siele kry om Sy werk agter geslote deur te doen nie.

Op ‘n manier het die organisasie, Elke Huis vir Christus S A, van ons tehore gekom en hulle voorsien ons van traktate asook die Evangelie van Johannes, wat ons uitgee wanneer en waar ons ookal gaan.
Hierdie is tot groot seën, Die gevangenes noem hierdie literatuur-stukke hul “klein Bybels” en hulle word deeglik in die selle gelees en versprei.

Fluit-fluit, my storie is uit. Ek hoop en vertrou dat wanneer iemand van die Saaiers-in-die-Selle Bedienings in aanraking kom met iemand van die NG geledere hulle nou nie meer ‘n onbekende faktoor sal wees nie...dat hulle aanbod om te getuig gretig aanvaar sal word en dat God se werk daaardeur ook uitgebrei sal kan word.

Enigiemand wat meer wil hoor mbt die bedienings, of van ons dienste wil gebruik maak, kan my gerus kontak ter enige tyd op 072 884 2667 of per faks op 0866 537 427 of per epos by sowersminstries@ananzi.co.za

Dankie vir hierdie geleentheid om ons bediening bekend te stel. Dit is die werk wat God aan ons toevertrou het en Hy is die Leier daarvan. Alle sukses wat ons die afgelope jare gesmaak het is slegs aan Hom te danke en ons sien uit daarna, in afwagting, na baie jare die toekoms in na wat Hy steeds gaan doen agter geslote deure.
Aan God al die Lof Heerlikheid en Eer!